4x4 Veldry en Veldoriëntering

"Ek sal meer optimisties wees oor 'n helderkleurige toekoms vir die mens as hy minder tyd daaraan spandeer om te bewys hoe hy die natuur kan uitoorlê en meer tyd daaraan om haar prag te waardeer en haar senioriteit te respekteer."
- William Westmoreland

Doelwit: Om die Verkenner toe te rus en te bemagtig om 'n 4x4 voertuig op die pad, in die veld en in moeilikbegaanbare terrein veilig, bedagsaam en met min skade aan die natuur te kan hanteer.

Weergawe: 2009

Datum: April 2009

Begronding

Voortrekkerkode:

6. 'n Voortrekker waardeer en bewaar sy omgewing.
7. 'n Voortrekker is 'n goeie landsburger.

ABC: Hierdie spesialisasie spreek hoofsaaklik die B en C van die ABC aan. Die Verkenner se waardering van God se skepping en die verantwoording daarvan sal ontwikkel word. Op die wyse word die begrip van God se kultuuropdrag aan die mens weer beklemtoon. As goeie landsburger is dit ook die plig van die Verkenner om kennis te dra van sy land en goeie veldmaniere te handhaaf.

Aanbiedingsmetodes

Tydsduur:	Minstens 5 dae aaneenlopend	Graadgroep:	11 - 12
Voorvereistes:	• Die Verkenner moet 'n motorvoertuig kan bestuur. • Die Verkenner moet in besit wees van 'n geldige bestuurderslisensie of leerlinglisensie.		
Aanbieding:	• Die spesialisasie kan slegs in groepsverband (nie meer as 6 Verkenners nie) met individuele bestuursessies afgehandel word. • Die groep moet ten minste 2 aande in die veld oorslaap. • Die volgende bygaande handboek wat op die internet verkrygbaar is, kan gebruik word: Concise 4x4 Driver Training Manual –Land Rover Owners Club SA		
Toekennings instansie:	Kommando, Gebiedskamp		

Uitkomste

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. Kennis dra van 'n 4x4 voertuig met betrekking tot die volgende:
   - 1.1 Swaartepunte.
   - 1.2 Aankoms en vertrekhoeke asook ewenaarsgrendels en omrolhoeke.
   - 1.3 Ewenaarsluitstelsels en naafgrendels.
   - 1.4 4x4 stelling, lae trek en hoë trek.
   - 1.5 Ratverhouding.
   - 1.6 Grondvryhoogte.
   - 1.7 Buitebande en inligting oor hulle.
   - 1.8 Ashoogte.
   - 1.9 Wat kan onder stamp?
   - 1.10 Sleepvermoë.
   - 1.11 Tipes 4x4 (Ontspannings 4x4, kortasafstand, middelslag, volgrootte, petrol of diesel, bladvere, spiraalvere en skokbrekers, vaste-as of onafhanklik vering)

4x4 Veldry en Veldoriëntering

2. Kennis dra van die volgende toerusting:
   - 2.1 Yskas.
   - 2.2 13 moersleutel.
   - 2.3 Wenas.
   - 2.4 Kolligte.
   - 2.5 Bosbreker.
   - 2.6 Reserwe brandstoftenks.
   - 2.7 Grasbedekking vir verkoelers.
   - 2.8 Snorkel.
   - 2.9 Graaf.
   - 2.10 Sandplate.

3. Kennis dra van veldry-etiket:
   - 3.1 Moenie nuwe spore trap nie.
   - 3.2 Moenie bome omry nie.
   - 3.3 Moenie bome beskadig met wenas en uitsleep nie.
   - 3.4 Moenie klippe wegskiet nie.
   - 3.5 Oppas vir voëlneste en diereskuilings.

4. Kennis dra van basiese beserings, brandwonde, hoofbeserings en beserings wat gepaard gaan met die tipiese ongeluktonele en die korrekte hantering daarvan.

5. Kennis dra van brandgevaar by 4x4 voertuie en ‘n brandblusser kan gebruik.

6. Kennis dra oor sleepwaens met betrekking tot die volgende:
   - 6.1 Gewigsverspreiding.
   - 6.2 Traagheidsremme.
   - 6.3 Breedte, lengte en glimstroke.

7. Vertroud wees met die herstel uit vasvalsituasies:
   - 7.1 Wen-as.
   - 7.2 Kinetiese tou.
   - 7.3 Band begrawe vir sand.
   - 7.4 “High lift” domkrag veilig kan gebruik.

8. ’n 4x4 voertuig kan onderhou:
   - 8.1 Olie en ghriespunte versorg.
   - 8.2 Brandstoftoevoer.
   - 8.3 Ontstekingstelsels.
   - 8.4 Elektriese stelsels en bedrading(basiese).
   - 8.5 Kontrole op alle bewegende dele en boute en moere.
   - 8.6 Smeltdrade.

9. Die volgende kan voorberei:
   - 9.1 Reisplan en padkaarte.
   - 9.2 GPS hantering.
   - 9.3 Brandstof.
   - 9.4 Pak van voertuig en toerusting.
   - 9.5 Dakrak pak (Hoe om gevaarlike toerusting soos petrolkanne en gasbottels te pak).
   - 9.6 Noodhulp sak, ekstra parte en herwinnings toerusting kan inpak.

4x4 Veldry en Veldoriëntering

10. Praktiese veldbestuur van ten minste 5 ure doen (nie noodwendig aaneenlopend nie)
    - 10.1 Eers stap en dan ry.
    - 10.2 Hande op stuurwiel¬: Kwart voor drie met duime buite.
    - 10.3 Voet weg van koppelaar.
    - 10.4 Korrekte ratinstellings voor hindernis ingegaan word.
    - 10.5 Regte banddruk (vir die vrag wat gedra word).
    - 10.6 Hantering van rotsagtige terrein.
    - 10.7 Sandbestuur.
    - 10.8 Duine: 17 grade en laer.
    - 10.9 Soutpanne – Vermy indien moontlik.
      ASAP AFAN – “As slow as possible, as fast as necessary”
    - 10.10 Hellingbestuur.
    - 10.11 Modder.
    - 10.12 Stroom / Rivier kruisings.

11. Veilig bestuursmetodes kan toepas.
    - 11.1 Grondpadbestuur.
    - 11.2 Sleepwaens, bulte en slote.
    - 11.3 Agteruitry met sleepwa.

12. Basiese herstelwerk aan die voertuig kan doen:
    - 12.1 Bande ruil.
    - 12.2 Buiteband kan aftrap van rim en nuwe een opsit.
    - 12.2 Brandstoftenk-lek herstel.
    - 12.3 Oliefilter en petrolfilter vervang.
    - 12.4 Vonkprop vervang.
    - 12.5 Enjin olie vervang.
    - 12.6 Ligte en sleepwa-ligte.

13. Vertroud wees met die wetlike aspekte van vierwiel aangedrewe voertuie:
    - 13.1 Ry in natuurresevate.
    - 13.2 Ry op strande in Suid-Afrika en Namibie
    - 13.3 Hoogte wat die voertuig en sleepwa gepak mag word.
    - 13.4 Maksimum gewig wat die sleepwa en voertuig mag dra en sleep.